# (1) Kerk of Koninkryk? (31-08-2025)

'n Kerk

1. Die byeenkoms is 'n aanbieding deur een persoon en die ander is passief.
2. Die leier doen die aanbieding en is ook die hoof van die gebeure en die kerk.
3. Die kerk is ook die gebou waar God is. Die kerk is 'n plek, nie persone nie.
4. Die doel van die byeenkoms is lofprysing en lering.

'n Koninkryk het 'n Koning en nie 'n predikant nie. Die gemeente is deel van die koninkryk en is nie 'n instansie op sy eie nie. Die hoof van die gemeente is nie die predikant nie, maar die Koning.

1. Wat is 'n Koning? Let wel, Yahshua is 'n Koning en nie 'n Bruidegom nie.
    a. 'n Koning het alle seggenskap, dit is nie 'n demokrasie nie. 'n Koning word nie deur die meerderheid verkies nie, maar Hy is Koning deur geboorte.
    b. Sy gesag word nie bespreek nie en word nie gekritiseer nie. Hy word nie vervang omdat mense nie van Hom hou nie. Yahshua was nie Koning gemaak nie, maar Hy is Koning van ewigheid af en Hy is die hoof van die gemeente.
    c. 'n Koning besit alles in sy Koninkryk. In 'n demokrasie besit mense eiendom, maar in 'n Koninkryk besit die Koning alles. Al die huise, grond, hulpbronne en mense. Hy regeer nie net oor die Koninkryk nie, Hy besit dit. Die gemeente is die mense in die Koninkryk, wat deur die Koning besit word.
    d. Die Koning se Woord is wet en word nie bespreek nie, maar net aanvaar. Wanneer 'n president praat, is dit 'n belofte. As 'n prediker praat, is dit 'n aanbieding, maar as die Koning praat, is dit wet. Geen debat, geen onderhandeling en geen stemreg nie, sy woord is wet. Sy woord is nie 'n voorstel nie, dit is nie goeie raad nie, dit is nie net 'n gedagte nie, dit is wat dit is. Hy spreek en die storm is stil. Hy spreek en daar is lig. 'n Kerk pas die Koning se Woord aan om aan te pas by omstandighede in die tyd waarin ons leef.
    e. 'n Koning beskerm en voorsien aan sy burgers. Hy het 'n verbond met hulle omdat hulle burgers van sy Koninkryk is, nie omdat hulle lofprysing in die kerk hou nie.
    f. 'n Koning vereis totale lojaliteit en onderdanigheid. Enige persoon wat verdeelde lojaliteit het sal skuldig wees aan verraad en tereggestel word. 'n Koning verwag totale oorgawe van sy burgers. 'n Kerk het hulle eie grondwet

en belydenis en staan in kompetisie met die Koninkryk van die Koning. Hy het nooit ‘n opdrag gegee om ‘n kerk te begin nie.

g. In die Koning se Koninkryk kan mens nie net dien nie, maar jy moet buig. Jy moet aanbid, jy moet gehoorsaam wees, jy moet jouself onderwerp. In Sy Koninkryk kan jy nie net Sondae in die kerk dien en ander tye jou eie ding doen nie, dit is ontrou aan die Koning en Hy sal so ‘n persoon vergeld na sy dade. Hy verwag egter nie van ons om die hele week kerk toe te gaan nie, maar om die hele week deel van sy liggaam te wees. Hy verwag van ons om glad nie kerk toe te gaan nie, want dit is ‘n alternatief vir deelname aan sy liggaam en maak dat ons nie by die roeping uitkom waarvoor ons geroep is nie. Ons is nie geroep om kerk toe te gaan nie, maar ons dink ons het aan sy roepstem gehoor gegee toe ons kerk toe gaan.

h. Om deel van sy Koninkryk te word, is nie ‘n uitbreiding op my lewe nie, maar dit is die einde van my lewe en dan net ‘n lewe in sy Koninkryk. Ek kruisig myself en leef nou in Hom en vir Hom.

i. Ons is deel van ‘n Koninkryk met ‘n Koning en moet seker wees ons weet wat Hy wil hê, sodat ons dit kan doen.

‘n Koninkryk het ‘n volk.

a. Ons is nou reeds in sy Koninkryk en nie in ‘n kerk-organisasie nie.

b. Ons word nie lidmate van ‘n kerk nie, maar burgers van ‘n Koninkryk. Ons word gebore as burgers van die Koninkryk van duisternis, maar dan moet ons oorgaan na sy Koninkryk van lig.

c. God het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. ‘n Kerk se lidmaatskap is ‘n lidmaatskap tot ‘n menslike organisasie en nie tot die Koninkryk van God nie.

*d.* Die Koning kies nie alle mense van die aarde as sy volk nie, maar dit is ‘n geslag, die nageslag van Israel. Enige mens kan lid van ‘n kerk word en kerke roem daarop dat almal welkom is, maar God roep die wat aan Hom behoort. Hulle is Sy volk, ‘n geslag. ***Johannes** 6:35  En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. **Johannes** 37  Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. **Johannes** 6:44  Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. **Johannes** 6:65  En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. **Johannes** 7:37  En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!*

e. Die kerk roep lede vir homself uit alle bewoners van die aarde, maar die Koning roep sy volk uit al die bewoners van die aarde. ***Johannes** 13:1  En voor die fees*

*van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.*

*f.* Nie die hele nageslag van Israel sal egter in die Koninkryk van God kan ingaan nie, maar net hulle wat weer 'n keer gebore is.

*g.* Geen persoon kan 'n burger wees van die koninkryk van hierdie wêreld en ook 'n burger van die Koninkryk van God nie. Hierdie twee koninkryke staan teenoor mekaar, haat mekaar en is vyande van mekaar. Enige persoon wat 'n burger is van albei die koninkryke, sal aangekla word van hoogverraad. ***Jakobus*** *4:4-5 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. (5) Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?*

h. Die kerke van die wêreld leef in vrede met die koninkryk van hierdie wêreld en is glad nie in vyandskap met die wêreld nie. Inteendeel is hulle baie goeie vriende. Die meeste lande gee nie net aan hulle godsdiensvryheid nie, maar stel hulle ook vry van belasting. Die kerke beskou nie die koninkryk van duisternis as vyande nie, maar werk saam met hierdie wêreld se koninkryk om dit 'n beter plek te wil maak. Die kerk is een van die pilare waarop die koninkryk van hierdie wêreld se samelewing gebou is. ***2 Timótheüs*** *3:12-13 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. (13) Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.*

# (2) Kerk of Koninkryk? (07-09-2025)

Is die kerk en gemeente dan nie dieselfde ding nie? Kan die kerk nie dieselfde doen as die gemeente nie, naamlik om die evangelie van die Koninkryk te verkondig nie?

Die visie van die kerk en die visie van die gemeente verskil heeltemal en dit wat jou visie is, is dit waarvoor jy jou beywer.

**Die visie van die kerk:**

Die kerk is ‘n organisasie wat sogenaamd deur Yahshua begin is, waarvan Petrus die hoof was, met die doel om die evangelie te gaan verkondig aan al die volke van die aarde, naamlik dat Yahshua vir hulle sonde gesterf het en dat hulle nou deel van sy kerk kan word. Die kerk is dan die bruid van Yahshua, wat bestaan uit lede van die kerk. Met sy wederkoms gaan Hy ‘n groot bruilof hou en dan met die kerk (die lede van die kerk) trou. Die visie van die huidige kerk is dus om die Christelike godsdiens te verkondig en die kerk uit te brei, sodat die kerk al groter word en die wat gered word, al meer is. Binne die kerk is daar egter duisende denominasies wat geweldig baie met mekaar verskil oor wat die kerk is en wat die visie van die kerk is en hoe dit bereik moet word.

**Die visie van die gemeente:**

Om die herstel van die Koninkryk van Israel te verkondig aan die lede van die Koninkryk.
***Lukas** 22:15-30 En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. (16) Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie. (17) En toe Hy ‘n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. (18) Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie. (19) Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. (20) Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word. (21) Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel. (22) Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verraai word! (23) Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen. (24) En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. (25) En Hy het vir hulle gesê: Die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem. (26) Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder*

*julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is, soos een wat dien. (27) Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien. (28) En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoekinge. (29) En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, (30) sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.*

Adam was die eerste koning wat God aangestel het om te heers oor die hele aarde. ***Génesis*** *1:26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Adam moes vermeerder en die aarde vul en sy nageslag (waarvan ons deel is) sou saam met hom heers oor die aarde. Hy het die heerskappy verloor en nou heers die Satan oor die hele aarde deur sy agente. ***Lukas*** *4:5-7 Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. (6) En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. (7) As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.*

In die tyd van Abraham kies God 'n geslag uit en beloof aan hom dat Hy vir Abraham 'n God sal wees en vir sy nageslag ná hom en dat hulle die land Kanaän as 'n eiendom sal verkry tot in ewigheid. Abraham beërf dit nie, maar sy nageslag wel. In die land Kanaän stel God 'n koning oor hulle aan en Hy beloof aan Dawid dat uit sy nageslag daar 'n Koning sal kom wat tot in ewigheid op die troon van Dawid sal sit. As dit 'n ewige troon is, is dit ook 'n ewige koninkryk en 'n ewige volk. ***Lukas*** *1:30-33 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. (31) En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. (32) Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, (33) en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*

Hierdie ewige Koning wat gaan sit op die troon van sy vader Dawid, was reeds hier op die aarde en het vir die sonde van sy volk, die volk van die koninkryk, gesterf. ***Jesaja*** *53:7-12 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. (8) Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die*

*land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. (9) En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. (10) Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees. (11) Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. (12) Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

Terwyl Hy hier was het Hy sy gemeente (hulle wat in sy Naam bymekaarkom) gemobiliseer om sy evangelie van sy Koninkryk aan die lede van die volk van die Koninkryk te gaan verkondig. Die einddoel van dit alles is om te herstel wat verkeerd in die Paradys gegaan het. Adam was uit God geskape en het deur God die heerskappy oor die hele aarde gekry. Voordat hy nog regtig kon heers, was hy uit sy heerskappy bedrieg en die koninkryk op aarde het in die hande van God se vyand geval. Hierdie geweldige tragedie word eers herstel wanneer die tweede Adam alle heerskappy onder sy voet dwing en as Koning regeer aar die ganse aarde.

Die visie van die gemeente is om hierdie boodskap van herstel van die koninkryk van God aan die lede van die koninkryk te gaan verkondig, wat nie eens weet van 'n Koninkryk of hulle deel aan die volk van die Koninkryk nie. Die gemeente is dus nie 'n kerk nie, maar lede van die volk van die koninkryk wat deel is van dieselfde geslag as Adam en Noag en Abraham en Jakob. Hulle almal het deur die ongeloof van Adam verlore gegaan uit die koninkryk van Adam, maar kan nou weer teruggaan deur die offer van die tweede Adam. ***Jeremia** 50:4-7 In dié dae en in dié tyd, spreek die HERE, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Juda saam; onder geween sal hulle voorttrek en die HERE hulle God soek. (5) Hulle sal na Sion vra; op die pad hierheen sal hulle aangesig gerig wees; hulle sal kom en by die HERE aansluit in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie. (6) 'n Kudde verlore skape was my volk; hulle herders (kerk-predikers) het hulle laat dwaal, hulle weggevoer na die berge toe; hulle het gegaan van berg na heuwel, hulle het hul lêplek vergeet. (7) Almal wat hulle kry, het hulle opgeëet; en hulle teëstanders het gesê: Ons maak ons nie skuldig nie, omdat hulle gesondig het teen die HERE, die Woning van geregtigheid en die Verwagting van hulle vaders, die HERE.*

- Die gemeente verkondig die herstel van die Koninkryk van God, maar die kerk verkondig ‘n nuwe instansie, naamlik die kerk, wat in huwelik gaan tree met Yahsua.
- Die gemeente is lede van die volk van die koninkryk, maar kerkmense is ingeskrewe lede van die kerk.
- Die gemeente verkondig die evangelie van die Koninkryk van God aan die verlore lede van die Koninkryk van God, maar die kerk verkondig die evangelie van verlossing aan die hele wêreld.
- Die gemeente verkondig die evangelie van verlossing aan die kinders van die Koninkryk, maar die kerk verkondig die evangelie van verlossing aan alle mense. ***Psalm** 85:3-8  U het die ongeregtigheid van u volk weggeneem, al hulle sonde bedek. Sela.  (4)  U het al U grimmigheid teruggetrek, U het U van die gloed van U toorn afgewend.  (5)  Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet U grimmigheid teen ons!  (6)  Sal U vir ewig teen ons toornig wees, U toorn laat duur van geslag tot geslag?  (7)  Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?  (8)  Laat ons U goedertierenheid sien, o HERE, en gee ons U heil!*

- Die gemeente is lede van die volk waarmee God ‘n verbond gemaak het en verkondig aan daardie volk dat God Hom deur ‘n nuwe verbond met hulle versoen het, maar die kerk verkondig dat God sy uitverkiesings-verbond met Israel laat vaar het en het nou ‘n nuwe verbond gemaak met al die mense van die aarde. ***Jeremia** 31:31-33  Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit;  (32)  nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.  (33)  Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees. **Hebreërs** 8:8-12  Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring,  (9)  nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.  (10)  Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.  (11)  En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot*

*onder hulle. (12) Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.*

- Die gemeente is nie ’n nuwe organisasie wat Yahshua begin het nie, maar dit is die gemeente van Israel wat dien as die liggaam van Yahshua om sy volk te gaan haal deur aan hulle te verkondig dat hulle sonde vergewe is en dat hulle herstel kan word na dit wat die eerste Adam oorspronklik was. Die kerk is ‘n nuwe instansie wat sogenaamd deur Yahshua begin was (maar eintlik deur Konstantyn) wat aan al die bewoners van die aarde moet gaan verkondig dat Yahshua vir hulle sonde gesterf het en dat hulle saam met Hom hemel toe kan gaan.

Ons staan by twee paaie. Die een verkondig ‘n nuwe organisasie (naamlik die kerk) wat die evangelie van verlossing aan die hele wêreld verkondig, sodat hulle deel van die bruid van Christus kan word, en die ander is die liggaam van die Koning wat aan sy volk die evangelie van verlossing moet verkondig, sodat hulle hul tot Hom bekeer en deel kan wees van sy Koninkryk wat Hy op die aarde gaan herstel.

1. Hoewel die Engelse Bybel van Church praat, het die Afrikaans dit reg vertaal na “gemeente” en nie na “kerk” nie. Kerk beteken “Church”, maar hierdie woord is nie in die Bybel nie. Konstantyn het die woord gemaak, maar hy het ook die menslike instansie, die kerk, gemaak.
2. Koning James wat verantwoordelik was vir die vertaling van die King James Bybel het self bepaal dat die Engelse vertaling nie die Griekse woord “Ekklesia” na “gemeente” (assembly) toe gaan vertaal nie, maar na die Romeinse woord, “kerk” toe, omdat in sy tyd, om kerk te hou, met ‘n organisasie, deel was van die regering van die land. Die kerk en die regering was in mekaar verweef en ‘n gemeente sou nie deel daarvan kon wees nie. Koning James was die hoof van die kerk, maar as dit ‘n gemeente was, kon hy nie die hoof wees nie, want Yahshua is.
3. Die gemeente het geen koppeling of kontak met die teenswoordige wêreld nie, maar staan in vyandskap daarmee en dit het daarom nie vir King James enige sin gemaak om van ‘n samekoms te praat nie, want ‘n samekoms kon nie in sy eie koninkryk funksioneer nie.
4. “Ekklesia” kom 114 keer in die oorspronklike vertaling van die Bybel voor en die Engelse Bybel het dit 111 keer vertaal na “kerk”. Kerk is ‘n gebou met ‘n preekstoel met toeskouers en Sondae-byeenkomste. Ekklesia word 3 van die 114 keer vertaal met assembly, ‘n byeenkoms, en die ander 111 keer na kerk. In Afrikaans is dit vertaal na gemeente en nie kerk nie.

***Acts** 19:32  Some therefore cried one thing, and some another: for the assembly (Ekklesia) was confused; and the more part knew not wherefore they were come together. **Handelinge** 19:32  Hulle het dan aangehou skreeu, sommige dit en ander dat; want die vergadering (Ekklesia) was in die war, en die meeste het nie geweet waarvoor hulle bymekaargekom het nie. **Handelinge** 19:35-40  Maar die stadsklerk het die skare tot bedaring gebring en gesê: Efésiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efésiërs die tempelbewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?  (36)  Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te wees en niks onbedags te doen nie.  (37)  Want julle het hierdie manne gebring, wat geen tempelrowers is nie en ook nie julle godin laster nie.  (38)  As Demétrius en sy ambagsmanne dan 'n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou, en daar is regters: laat hulle mekaar aanklaag.  (39)  Maar as julle nog iets anders verlang, dit sal in die wettige vergadering (Ekklesia) beslis word.  (40)  Want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag aangeklaag te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie oploop nie.*

***Matthew** 16:18  And I say also unto thee, That thou art Peter, and upon this rock I will build my church (Ecclesia); and the gates of hell shall not prevail against it.*

***Matthew**  18:17  And if he shall neglect to hear them, tell it unto the church (Ecclesia): but if he neglect to hear the church (Ecclesia) , let him be unto thee as an heathen man and a publican.*

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE